# Die Gevare van 'n Moralistiese Skrifgebruik

## 'n Teologies-filosofiese ondersoek

***Prof. B.J. van der Walt***
***Skool vir Filosofie***
***Potchefstroomkampus***
***Noordwes Universiteit***
***Privaatsak X6001***
***POTCHEFSTROOM***
***2520***
***Suid-Afrika***

***hannah@intekom.co.za***

**Synopsis**

**The dangers of a moralistic use of the Scriptures; a theological-philosophical investigation**

*Bible readers and preachers today often use the Word of God as a book of moral examples. Especially characters from the Bible are used as either heroes or warnings applied to contemporary Christians. This moralistic hermeneutic approach is questioned, both from a theological and a Christian philosophical point of view. The investigation is developed in the following five main steps. (1) The introductory section provides some examples, explains its popularity and defines moralism. (2) The second part contains a mainly theological critique of this kind of Bible interpretation. (3) Next, against the background of a Christian-philosophical multidimentional view of Scripture, the limited place of the moral aspect is indicated. (4) This is followed by a distinction between three concepts: the* ethical *(an aspect of reality); the* moral-immoral *distinction (e.g. what is normative in relationships between men and women or in friendship – ("sedelike" in Afrikaans);* morality *(in the sense of the values adhered to by a community). (5) The last part contains some final conclulsions about the moralistic use of the Scriptures.*

### 1. Inleiding: Populariteit, voorbeelde, omskrywing

Moralisme is 'n hardnekkige probleem waarmee die kerk en gelowiges dwarsdeur die eeue geworstel het. Ons vind dit reeds by die Fariseërs ten

tye van Christus. Baie Kerkvaders lees die Skrif so en dit bly ’n populêre manier van Bybellees tot in die Middeleeue. Die sestiende-eeuse reformatore breek grotendeels daarmee, maar vanaf die sewentiende eeu sluip dit weer die Protestantse kerke binne – om tot vandag gewild te bly.

### *1.1 Dwarsdeur die eeue*

Op verskillende plekke in sy sewedelige *Levensbeschouwing* (vgl. Popma, 1965, deel 7 die saakregister op p. 380: “moralisme”) bied Popma flitse uit die geskiedenis waaruit blyk dat moralistiese denke alreeds by die Griekse Epikureërs en Stoïsyne bestaan het. Hy wy besondere aandag aan die Stoïsynse denker, Seneca, volg die moralistiese lyn deur die kerkvaders, Middeleeue, Renaissance (toe die Stoïsisme weer herleef), Reformasie, Kant se rasionalistiese moralisme, die vroomheidsmoralisme van sekere gereformeerdes, Freud se psigologiese moralisme en nog meer. Daar bestaan dus baie soorte moralisme. Hulle bots, volgens Popma, almal egter met die basiese boodskap van die Evangelie (sien hieronder by sy kritiek).

### *1.2 Huidige populariteit*

Voorbeelde van die huidige gewildheid hiervan is nie net hoe mense self die Bybel lees nie, maar ook hoe pastore, predikante en priesters preek, asook die talle boekies en selfs romans oor Bybelfigure wat gereeld die lig sien – ook in Suid-Afrika.

Omdat dit die probleem (hieronder) duidelik sal maak, word vooraf al ’n paar voorbeelde van ’n moralistiese lees en ook preek van die Bybel gegee. Hieruit sal dit alreeds blyk dat dit een van die mees populêre maniere is om Bybelse karakters as (morele) modelle vir vandag te beskou.

### *1.3 Enkele voorbeelde*

Uit die ou Testament word byvoorbeeld die volgende persone as modelle of waarskuwings voorgehou: Abraham se toegeeflikheid teenoor Lot, Lot se wêreldsheid, Isak se sagmoedigheid, Josef se vroeëre hoogmoed (teenoor sy broers) en latere nederigheid, Moses se hardkoppigheid maar ook sy geduld, Dawid se wellustigheid, Jonatan se dapperheid en lojaliteit as vriend, Salomo se wysheid, Daniël se onkreukbaarheid. Dit nog afgesien van al die vrouefigure uit die ou bedeling en die talle Bybelfigure in die Nuwe Testament.

Soos uit hierdie kort lysie blyk, gaan dit nie net oor “moets” (die morele “helde”) nie, maar ook oor “moenies” (die ondeugde van sekere persone)

wat vandag vermy moet word. So byvoorbeeld (uit die Nuwe Testament) Judas die geldgierige verraaier en Petrus die grootbek swakkeling. Aangesien daar na berekening ongeveer 2 930 Bybelfigure is, bied hulle 'n byna onuitputlike bron van morele deugde en ondeugde!

### *1.4 Die motief daaragter*

Sowel Spykman (1985:53) as Greidanus (1988:308 e.v.) vestig die aandag op die onderliggende probleem. Moralistiese lesers en predikers soek na die betekenis of relevansie van God se Woord vir vandag. Hulle bedoeling is dus nie verkeerd nie. Hulle wil graag sien dat daar in geloof, vertroue, bekering, gehoorsaamheid en dankbaarheid op God se Woord geantwoord sal word.

Tereg merk Spykman (1985:54) egter op dat die Skrif – die lewende Woord van God – *altyd* relevant *is* – dit hoef nie deur ons betekenisvol *gemaak* te word nie. Die vraag is nie *of* nie, maar *hoe* dit relevant is. Dit verklaar egter nog nie voldoende die gewildheid van hierdie soort hermeneutiek nie.

### *1.5 Redes vir die populariteit*

Volgens Greidanus (1988:116, 216) is hierdie manier om die Bybel (vir jouself of in preke) te verklaar so populêr (veral biografiese preke), omdat: (1) dit die groot gaping tussen destyds (duisende jare gelede) en vandag eenvoudig ignoreer; (2) talle karakters uit die Skrif beskikbaar is om "gebruik" te word; (3) dit die hedendaagse mense beïndruk as hulle hul met 'n Bybelfiguur kan identifiseer; (4) hulle so 'n preek ook makliker onthou, terwyl (5) dit predikers in staat stel om 'n sterk appèl op hul hoorders te maak.

Spykman (1985:53) noem ook die feit dat mense maklik met ander mense uit die Skrif identifiseer en so in die Bybelverhaal "ingetrek" word. Hy noem verder nog die volgende bykomende redes vir morele eksegese: (6) dit is die heel maklikste manier om eksegese te doen – dit bied onmiddellike resultate; (7) dit kan hoorders wat nie van beter weet nie beïndruk ("hierdie dominee haal darem diep dinge uit die teks") en (8) dit bied aan lesers/hoorders eenvoudige morele resepte of 'n simplistiese program waarvolgens hulle kan lewe.

### *1.6 'n Omskrywing van moralisme*

Popma (vgl. bv. 1962:360) omskryf moralisme soos volg: Wanneer aan die etiese faset van die lewe (LW: net 'n *faset*) die plek, draagwydte en

gesag van religie (die *allesomvattende* verhouding tot God of afgode) toegeken word, is daar sprake van moralisme.

Soos nog uit die weergawe van die eie visie op God se Woord (vgl. hoofpunt 3 hieronder) sal blyk, bevat die Bybel ook 'n morele faset. Ook Bybelfigure se antwoorde op God se openbaring vertoon – net soos ons hedendaagse antwoorde daarop – 'n etiese kant. Daarmee is egter nòg God se Woord nòg ons antwoord daarop uitgeput.

Moralisme is 'n -isme, 'n reduksie. Dit reduseer die volle rykdom van die Evangelie tot morele voorskrifte. (Dit kan dus nie die *hele* Woord vir die *hele* lewe verstaan of preek nie.) Aangesien die Bybel 'n religieuse boek is, raak dit die mens radikaal en omvattend. Die religieuse diepte en breedte van die Woord en die religieuse antwoord van die mens, sy hartsrespons, word in die moralisme tot morele kodes en gedrag vereng. Religie word dus tot etiek versmal en vervlak. Anders gestel: die etiese neem die plek van die religieuse oor.

Die aandag moet terloops daarop gevestig word dat moralisme nie net voorkom wanneer 'n mens die Bybel verkeerd lees nie, maar op baie meer terreine soos die ekonomie, politiek, ekologie, media ens. Marshall (1995:306 e.v.) toon byvoorbeeld aan hoe die etiek as 'n soort bemiddelaar tussen die Christelike geloof en verskillende lewensterreine beskou word. Daar word dan na 'n besigheidsetiek, politieke, ekologiese en media-etiek verwys.

Die historiese agtergrond daarvan (vgl. Van der Walt, 1999:305-309) is dat in die loop van die Westerse denke enkel op "feite" gekonsentreer is. Norme uit al die ander terreine (behalwe die etiek) is as gevolg van 'n neutrale benadering verdryf en uiteindelik slegs met die etiese vereenselwig. Noudat die bankrotskap en rigtingloosheid van "feitelike" wetenskappe sonder normatiewe riglyne besef word, word die etiek en etiese norme weer tot hulp ingeroep. Dié norme en waardes word egter 'n "aanplaksel" (soos versiersuiker op 'n koek), wat nie die sekularisering op hierdie gebiede kan stuit nie.

Wat dus eintlik nodig is, is nie 'n etiek van die ekonomie (of 'n etiese ekonomie), 'n etiek van die politiek, ensovoorts nie, maar 'n werklik integraal-Christelike ekonomie, politiek ensomeer.

## 1.7 Voorbeelde van die moralistiese – teenoor die korrekte gebruik van die Skrif

Die beste manier om die voorafgaande te begryp is om dit verder konkreet aan die hand van 'n aantal voorbeelde te verduidelik.

- ’n Baie populêre voorbeeld is die ontwikkeling van ’n slaaf na onderkoning van Egipte in Josef se lewensgeskiedenis. Indien ons vandag ’n suiwer morele lewe lei, sal ons dieselfde sukses as Josef ervaar. Dit is ’n heeltemal ander benadering as om God se verlossingsplan deur middel van Josef voorop te stel (Gen. 50:20).

- Natuurlik is die verhaal oor Dawid en Batseba (2 Sam. 11-12:1-25) ook ’n gewilde tema: Mans mag nie ander mans se vrouens begeer nie en, omgekeerd, moet vrouens nie seksueel uitlokkend wees nie. Voorop staan hier egter dat ongehoorsaamheid aan God ’n mens al hoe vaster in die greep van die Satan laat kom (eers egbreuk, toe leuens, toe moord). God vergewe dit wel, maar kanselleer nie die gevolge daarvan nie.

- In ’n preek oor Markus 2:1-12 word breedvoerig gehandel oor wat dit die vier draers gekos het om die verlamde man deur die dak voor Jesus neer te laat: hulle simpatie, hulpvaardigheid, oorspronklikheid en volharding. Ons moet dus vandag dieselfde deugde nastreef. Die Skrif self (vgl. Mark. 2:5) lê egter die klem op hulle geloof en die vergiffenis van die verlamde man.

- ’n Volgende voorbeeld is die bekende verhaal van die verlore seun, sy oudste broer en sy vader (Luk. 15:11-31). Waarop vestig Jesus ons aandag hier? Op die feit dat ons nooit moet huiwer om te sê ons is jammer nie (die jong seun)? Dat ons nie selfsugtig en katterig moet wees nie (die ouer broer)? Of dalk dat ouers altyd vergewensgesind teenoor hulle verdwaalde tienerkinders moet wees? Nee, die kern lê heel moontlik in die slotvers (vs. 32), waar die vader sê dat die jongste broer se verhouding tot hom verkeerd was (hy was religieus gesproke ’n dooie), maar dat hy nou weer lewe.

- Uit Plantinga (1980:70) haal ons nog die volgende laaste paar voorbeelde. Die storie/verhaal van Dawid en Goliat leer ons selfvertroue. Dawid se weiering om Saul te vermoor, leer ons respek vir mense in gesagsposisies. Die feit dat ’n beer die seuns verskeur het wat met Elisa gespot het, wys op goeie maniere. Saul se weiering om vir Samuel te wag om te offer en die straf van die Here daarop wys hoe belangrik geduld vir ’n Christen is.

- Wat in hierdie Skrifgedeeltes egter werklik van belang is, is die volgende: Dawid durf Goliat aan omdat hy *die Here gelaster* het. Dawid weet dat *die Here* Saul op die troon geplaas het en dat Hy hom op sy tyd sal verwyder. Toe die seuns van Bet-El met Elisa gespot het, het hulle die *Woord van die Here verwerp* – Bet-El was ’n sentrum van afgodery. En Saul het die onderskeid tussen die werk van ’n priester en koning – wat *God duidelik gestel het* – geïgnoreer.

• Dit behoort nou duideliker te wees wat moralistiese eksegese behels, sodat oorgegaan kan word tot ’n sistematiese kritiek daarop.

## 2. Kritiek op die moralistiese hermeneutiek

Die meeste kritici se basiese argument is dat die Skrif nie ’n morele handleiding is nie, maar die Woord van God vir die hele lewe, ’n religieuse (geloofs-)boek. Hier volg die detailkritiek van vier sulke denkers (eers twee Christelike filosowe en dan twee Christelike teoloë):

### *2.1 K.J. Popma*

Soos hierbo aangetoon, ontstaan moralisme, volgens Popma, wanneer aan die etiese (’n *faset* van die lewe), die breedte, diepte en gesag van die religieuse verhouding tot God toegeskryf word. Sy kritiek sluit by hierdie omskrywing aan.

• Moralisme is, volgens hom, ’n surrogaatreligie, ’n vervalsing van die ware religie (vgl. bv. Popma, 1963:194). Dit het onder andere die volgende gevolge: (1) Die diep, religieuse teenstelling tussen goed en kwaad word vervlak en gerelativeer. (2) Die etiese word as die hoogste menslike funksie beskou en verkry ’n totalitêre karakter (die plek van die religie). (3) Die plek van die religieuse verhouding tot God/afgode word dienooreenkomstig verklein – ’n eties versmalde religie.

Hierbenewens kom nog die volgende kritiekpunte by Popma na vore:

• Die omvattende en fundamentele liefdesgebod (liefde tot God en die naaste) verloor sy religieuse (sentrale) plek – ook dit word vermoraliseer.

• Naasteliefde kom nie tot sy reg nie, want dit gaan in die moralisme basies oor selfverbetering, selfveredeling en selfvervolmaking. Hierdie ideaal vra (vgl. Popma, 1962:340) voortdurende selfondersoek, -vermaning, -aanvuring, -tug, -bedwang, -loutering, -verootmoediging, -verloëning, -kastyding, -selfdoding. Daaragter skuil volgens Popma egter die ideaal van morele selfveredeling, maar ten diepste ook selfsug en selfverlossing. Laasgenoemde dui op ’n strewe na werkheiligheid en toon die onbereikbaarheid van die moralistiese ideaal aan.

In dié verband wy Popma (1962:339 e.v.) heelwat aandag aan onder andere Thomas à Kempis se bekende boek uit die Middeleeue, *De imitatione Dei* (In 1952 verkeerdelik in Afrikaans as “*Die navolging* van Christus”, en in 1967 korrek in Engels as “Die *nabootsing* van Christus” vertaal). Hierdie geskrif is naas die Bybel een van die mees gelese boeke in die wêreld. Dit is egter ’n duidelike voorbeeld van vroomheidsmoralisme.

- Popma gaan ook in op wat die Skrif daarmee bedoel wanneer dit gelowiges oproep om volmaak te wees. (Of as die *Kategismus*, antwoord 81, praat van mense wat "begeer om hulle lewe te verbeter".) Hy vestig dan die aandag daarop dat lewensverbetering ten diepste 'n *geloof*saak (iets religieus) is en nie blote *morele* verbetering nie. Hoewel daar in die Skrif gesê word dat die poort wat na die lewe lei nou en die pad daarheen smal is (Matt. 7:14) en dus gelowige stryd verg (vgl. ook 1 Pet. 4:18), moet ook in gedagte gehou word dat deurgang deur dié poort gratis, uit genade geskied (vgl. die bekende Jes. 55:1).

### 2.2 C.G. Seerveld

Seerveld (2003:28) is van oortuiging dat die Woord van God "never gives biographical snatches to serve as ethical models", want die Bybel "is not written to solve my personal problems, but to tell me of the great things God has done". Moralisering reduseer God se Woord tot "a mess of moralistic potage" (p. 29). Die klem moet altyd lê op "Só sê die Here".

Verder is hy van mening dat die parallelle wat tussen Bybelfigure en huidige lesers gelê word gedwonge is: Ek kan tog nooit 'n Abraham, Ragab of wie ook al wees nie! En die Kanada van vandag kan onmoontlik met die Palestina van destyds gelykgestel word. Bowendien lei so 'n Skrifverstaan tot subjektiewe kasuïstiek: sekere voorbeelde moet nageboots word, terwyl ander – volgens die subjektiewe oordeel van die leser – as waarskuwings moet dien. (Vgl. hiervoor veral die werk van Troost, 1958.)

### 2.3 S. Greidanus

Hierdie skrywer (1988:116 e.v., 216 e.v., 308 e.v.) gaan veral op die vraag in of 'n mens Bybelse biografiese gegewens moralisties op vandag mag toepas, en antwoord daarop soos volg. Hy begin sy kritiek vanuit die inhoud en doel van die Skrif (vgl. Greidanus, 1988:216 e.v.) "The aim of biblical historiography is not to focus on the human agents of the redemptive drama, or to exploit their good and evil deeds for purposes of moral example or deterrent ..." (p. 217). Die Bybel handel oor God "who works for, with, through and sometimes in spite of people ... The human characters appear not for their own sake, but for the sake of showing what God is doing for, with and through them" (p. 217).

Die doel van die Skrif sluit by hierdie inhoud aan. Dit is om geloof in en gehoorsaamheid aan God te wek. Geloof kan tog nie op sondige mense gebou word nie, maar alleen op God wat betroubaar is.

Vanuit hierdie uitgangspunt lewer Greidanus verder die volgende kritiek (waarvan sommige die voorafgaande kritiekpunte herbeklemtoon):

- Omdat Bybelfigure meestal nie onbesproke modelle is nie, neig 'n moralistiese verklaring meestal na die negatiewe ("moenies"), terwyl die Evangelie iets heerliks en positiefs is.
- In aansluiting by wat hierbo gesê is, word God se plek met dié van die mens vervang, die Bybel word antroposentries i.p.v. teosentries gelees en gepreek.
- In moralistiese eksegese en prediking word die Bybelfigure van die groter, omvangryker openbaringsgeskiedenis, wat in die Skrif na vore kom, geïsoleer. Die geskiedenis van God se koninkryk (die begin daarvan, die val, herstel in Christus en die voleinding) kom nie ter sprake nie.
- Die gevaar bestaan dat die moralistiese eksegeet/prediker sy eie subjektiewe, eietydse morele voorkeure in 'n Skrifgedeelte inlees.
- Die groot verskil tussen die lewensomstandighede van destyds en tans word geriefshalwe geïgnoreer en 'n gelykteken (=) tussen hulle geplaas. (Ek is/is nie Josef, Maria, Johannes.)
- Dikwels word 'n blote beskrywing (? feit) as 'n voorskrif (norm) beskou.
- Moralisme lei verder maklik tot wettisisme wat van God se genade vergeet.
- Moralisme kan nooit die volle gewig van 'n teks dra nie of die volle Evangelie verkondig nie, omdat dit reduksionisties van aard is.

### *2.4 G.J. Spykman*

Heelwat van sy kritiek (vgl. Spykman, 1985:58-61) herbeklemtoon wat reeds by die vorige drie denkers gevind is. Dit bied egter ook 'n samevatting waarmee die kritiek op die moralistiese interpretasie van die Bybel afgesluit kan word (vgl. Spykman, 1985:59 e.v.):

- 'n Moralistiese Bybellees is *reduksionisties* ('n -isme). Dit oorbeklemtoon die morele faset van die openbaring van God en reduseer die geloof van die mens tot iets moreels. Dit beklemtoon morele voorskrifte ten koste van die *omvattende* boodskap van die Skrif (van byvoorbeeld die skepping, sondeval, verlossing en voleinding van die hele kosmos).
- Omdat dit op allerlei morele moets en moenies die klem lê, verloor dit ook sig op God se *sentrale en fundamentele gebod van die liefde.*

- Moralisme hanteer die Bybel *fragmentaries*. Sinsnedes, tekste en Skrifgedeeltes word losgemaak van hulle openbarings-historiese verband.
- Dit gaan *onhistories* te werk. Die Bybelgeskiedenis word verander in kontemporêre, persoonlike gevallestudies met universele lesse vir alle tye. ’n Reguitlyn word getrek tussen die verre verlede en die hede. Dit maak nie veel saak of ’n Skrifgedeelte in Genesis, Hosea, Lukas of Openbaring voorkom nie.
- Die Bybel word verder meestal *individualisties* geïnterpreteer. (“Ek is Josef” of “Ek is nie Potifar se vrou nie”.) Die toepassing op die breëre gemeenskap van gelowiges en die samelewing buite die kerk (sosiale, politieke, ekonomiese ens.) vind nie plaas nie.
- Moralisme bevorder iets meer humanisties as Bybels, in plaas van klem op God se magtige dade, ’n *mensgerigte (antroposentriese) godsdiens*. Deurdat dit voortdurend op die eie self gerig is, bevorder dit – iets meer humanisties as Bybels nie geloofsvertroue nie, maar eerder onsekerheid.
- Ten slotte lei dit maklik tot ’n strewe na *werkheiligheid of wettisisme* (legalisme). God se goedheid en genade verdwyn agter menslike wet op wet en voorskrif op voorskrif.

Volledigheidshalwe sou die outeur by hierdie kritiekpunte van Spykman nog wil byvoeg dat ’n moralistiese lees/prediking van die Skrif dikwels meer oor die leser/prediker se eie morele waardes as oor dié van die betrokke Bybelfiguur vertel. Sy/haar eietydse waardes word in dié van die Bybelse karakter ingelees. Hoewel dit lyk asof ek soos Abraham is, vind onbewus ook die omgekeerde plaas: Abraham lyk soos ek!

Na al hierdie kritiek bly die vraag egter by ’n mens oor of die Bybel dan niks vir die etiese lewe van die mens te sê het nie. Word die kind nie deur Popma, Seerveld, Greidanus en Spykman eenvoudig met die badwater uitgegooi nie?

## 2.5 Verdere teologiese besinning

Die belangrike vraag wat hier beantwoord moet word, is: hoe behoort die *verkeerde* (moralistiese) gebruik onderskei te word van ’n *aanvaarbare* visie op etiese Bybelse perspektiewe? Na die voorafgaande kritiek (hoe dit nie mag nie), moet nou dus ’n positiewe weg aangedui word (hoe dan wel). Soos gewoonlik is negatiewe kritiek makliker as ’n positiewe oplossing. Hoe gaan ’n mens verseker dat die Bybelse boodskap vir die huidige lesers “relevant” is, sodat hulle ’n lewe van bekering, geloof, gehoorsaamheid en dankbaarheid voer?

### 2.5.1 Greidanus se wenke

Uit die (negatiewe) kritiek hierbo gegee, kan in sommige gevalle al iets positiefs afgelei word. ’n Korrekte lees sal byvoorbeeld nie onhistories te werk gaan nie, maar die oorspronklike bedoeling van die oorspronklike skrywers in gedagte hou (vgl. Greidanus, 1988:309). Die vraag is egter of ’n Bybelskrywer wel altyd aandui met wie ’n mens jou moet identifiseer of distansieer.

Op verskillende plekke hou Paulus homself as navolgingswaardig aan medegelowiges voor (vgl. bv. Filip. 3:17). Hy skryf ook dat Timoteus hom nagevolg het in leer, lewenswandel, lewensdoel, geloof, geduld, liefde, volharding, vervolging en ontbering (2 Tim. 3:10).

Hebreërs 11 is ook ’n duidelike voorbeeld waar talle Ou Testamentiese Bybelfigure as voorbeelde vir latere geslagte gebruik word. Maar let wel: hulle word nie as *morele* modelle gebruik nie, maar hulle *geloof* as navolgingswaardig voorgehou. Die heel eerste vers kondig al aan dat dit in die hoofstuk oor die geloof (om oortuig te wees van die onsienlike) gaan. En dwarsdeur die hoofstuk word dit soos ’n refrein herhaal: “Omdat Abel *geglo* het”, “omdat Henog *geglo* het”, ens.

Greidanus (1988:309) het ook ’n tweede voorstel om moralisme te bekamp, naamlik dat daar nie tussen *individue* van destyds en tans analogieë gemaak word nie (vgl. die individualistiese trek van die moralisme hierbo genoem), maar tussen die gelowige *gemeenskap* (kerk) van destyds en nou. Dit lyk al na ’n verbetering, maar dit word nog nie ingesien hoe dit die basiese probleem oplos nie.

### 2.5.2 Plantinga se standpunt

Hierdie skrywer (vgl. 1980:71 e.v.) stel teenoor ’n moralistiestiese hermeneutiek dat, net soos wat Christus nie ’n sedepreker was nie, Simson ook nie net ’n nasionale held, of Dawid bloot ’n goeie koning van Israel was nie. Al die Bybelfigure kan alleen reg verstaan word indien hulle plek in die groot verlossingsplan van God raakgesien word. (Hierdie plan loop vanaf skepping, oor die sondeval na die verlossing in Christus en uiteindelik die voleinding by sy wederkoms.)

Plantinga (1980:70) stel egter ook die vraag hoe die Bybel en Bybelfigure vir elkeen van ons persoonlik, vandag van betekenis is. Die *verklaring* van die historiese verlossingsplan moet tog ook in ons eie lewens *toegepas* word. Volgens hom hoef daar nie spanning te bestaan tussen die klem op God se omvattende heilsplan en die eksemplariese karakter daarvan nie. Die Bybel bied ook “examples” of “samples” (vgl. Plantinga, 1980:71).

Plantinga onderskei in dié verband twee soorte "voorbeelde": die wat op Christus betrekking het en die wat op Christene van toepassing is.

Baie van die Bybelfigure was byvoorbeeld "skadubeelde" van die Verlosser se werk van genade en geregtigheid: "Certain Old Testament events and characters brought to light what Christ would accomplish" (p. 72). Die koperslang was byvoorbeeld 'n beeld van Christus (Joh. 3:14-15) en so ook dit wat met Jona gebeur het (Matt. 12:40).

'n Tweede soort toepassing is die parallelle tussen die Ou Testamentiese heiliges en gelowiges onder die nuwe verbond. Eersgenoemdes word dikwels as waarskuwing en bemoediging vir laasgenoemdes voorgehou (vgl. bv. 1 Kor. 10:6,11; Hebr. 3:11, 19). Esau word byvoorbeeld as waarskuwing teen 'n goddelose en 'n immorele lewe voorgehou (Hebr. 12:16), terwyl Sara as voorbeeld van 'n gehoorsame vrou dien (1 Petr. 3:6). Die geskiedenis van Bybelfigure soos Elia kan ook tot troos vir hedendaagse gelowiges gebruik word (vgl. Rom. 11:2-5). In die bekende Hebreërs 11 herinner 'n hele aantal Bybelfigure ons daaraan dat God se beloftes vir die toekoms vertrou kan word.

Plantinga se kriterium om die Bybel reg toe te pas, sonder om in moralisme te verval, is dus hoe die Nuwe Testament die Ou Testament toepas: "The New Testament points the way in applying biblical history, for it gives us quite a number of examples of how it can be done. But in our application of the Old Testament history, we are not limited to the stories on which the New Testament comments directly. Using the New Testament examples as guidelines, we may confidently seek applications for our lives today ... the facts of redemptive history are not simply written down for the sake of information ... we must learn to read the Bible's redemptive history as a source of assurance, keeping our eyes open for samples of what God's renewal can and will accomplish in our lives" (Plantinga, 1980:75, 76).

Plantinga is ongelukkig nie eksplisiet of Nuwe Testamentiese figure ook eksemplaries gebruik mag word nie. Die hoofprobleem met Plantinga se "oplossing" is egter dat hy in plaas van die probleem van *moralisme*, die vraag beantwoord oor hoe die Skrif (hoofsaaklik die Ou Testament) *toegepas* mag word. Die probleem van *moralistiese* toepassings word nie opgelos nie.

Verder sou 'n mens graag wou weet waarom mense eerder met Bybelfigure as met Christus identifiseer. Hy is tog die volmaakte mens en Voorbeeld wat God die Vader aan ons gegee het om na te volg. Is dit omdat Hy volmaak was en ons as mense ons makliker met die onvolmaakte

medesondaars uit die Skrif kan vereenselwig? Nogtans roep Christus ons op om in onpartydige liefde teenoor ander sy volmaakte navolgers te wees (Matt. 5:48). En hoewel Christus nie 'n sedepreker was nie, bied sy voorbeeld beslis ook leiding op etiese gebied.

Dit mag ook wees dat die Protestantisme – dalk uit oorreaksie teen 'n *moralistiese* (etiese) visie op Christus – geneig is om Hom slegs as *Verlosser* en nie ook as *Voorbeeld* van ware menswees nie, te beskou; wat *juridies* in ons plek vir ons skuld betaal het, maar nie ook *etiese* lewensleiding bied nie. Christus was egter ook mens soos ons en vertoon dus die multidimensionele trekke van menswees (vgl. punt 3).

## 3. 'n Multidimensionele visie op God se openbaring in die Skrif en die verstaan daarvan

Dit is duidelik dat die teologiese besinning oor die probleem van moralisme vra om breër Christelik-filosofiese nadenke. So 'n ondersoek moet by die begin begin, naamlik by die vraag na wat se soort boek die Bybel presies is.

### *3.1 'n Breë Skrifbeskouing*

Dit is nie die eerste keer dat elemente van hierdie visie na vore gebring word nie (vgl. Van der Walt, 2008). Dit word dus hier slegs stellenderwys saamgevat.

- God se openbaring geskied op *drieërlei wyse:* sy skeppingsopenbaring, Skrifopenbaring en vleesgeworde openbaring (in Jesus Christus).
- Die Bybel is nie net *God* se Woord (sonder dat dit deel van die *skepping* is nie). Dit is egter ook nie bloot menslike woorde of ervaringe oor God nie. Dit is die Skrifgeworde *Woord van God* in *menslike woorde* of taal wat oor baie eeue ontstaan het. Om die onskeibare Goddelik-menslike karakter van die Skrifopenbaring te verstaan mag 'n mens dink aan die vleesgeworde openbaring (Christus), wat ook 'n goddelike en menslike "natuur" gehad het.
- Die Bybel is dus 'n *geskrif, 'n boek,* bestaande uit 'n groot aantal afsonderlike geskrifte en genres, wat nogtans 'n eenheid vorm.
- As 'n boek is dit iets van die skepping. (God openbaar hom altyd in en deur iets kreatuurliks: in die natuur, 'n Boek of 'n mens, Jesus Christus.) Die Bybel is dus nie iets bo-natuurliks wat net oor "geestelike" sake handel nie. Dit gaan konkreet oor *hierdie* lewe.
- Omdat die Heilige Skrif iets kreatuurliks is, weerspieël dit ook *al die fasette of aspekte van die skepping*. Hier word gebruik gemaak van die

modaliteitsleer soos ontwikkel deur Vollenhoven (2005:37), Dooyeweerd (1953:93-113), en Stoker (1969:165). Die drie denkers onderskei nie eweveel modaliteite nie. Die outeur noem slegs die volgende dertien om die multidimensisonele aard van die Skrif duidelik te maak:

Sover die outeur se kennis strek, is hierdie onderskeid tussen verskillende fasette of modaliteite nog nie voorheen in die Reformatoriese tradisie op die Skrif self toegepas nie. Die bedoeling is nie om – soos sommige teoloë mag dink – met ’n filosofiese ontleedmes die Woord van God (sy kreatuurlike kant) te versnipper nie, maar om die komplekse struktuur daarvan onder die aandag te bring van soms baie eensydige visies.

### 3.2 Die verskillende fasette van die Skrif

Ter illustrasie van die “veelsydigheid” van die Skrif, kan die volgende voorbeelde (vanaf die hoogste, kwalifiserende, tot die basiese, die ruimtelike) genoem word:

(13) ’n *Geloofsfaset*: Die Bybel roep op tot geloof in God en kan alleen in die geloof as waar en gesagvol aanvaar word.

(12) ’n *Etiese faset:* Dit bevat morele lesse en norme.

(11) ’n *Juridiese kant:* Geregtigheid speel ’n belangrike rol in die Skrif.

(10) ’n *Estetiese faset:* Die verskillende letterkundige genres (bv. geskiedenis, poësie, psalms, evangelies en briewe) waarin verskillende Bybelgedeeltes geskrywe is.

(9) ’n *Ekonomiese aspek.* Die Bybel is waardevol vir die geloof en kan ook gekoop/verkoop word.

(8) ’n *Sosiale aspek:* die Bybel het in gepaalde gelowige gemeenskappe tot stand gekom, handel inhoudelik oor sosiale vraagstukke en is ook bedoel om nie net individueel nie, maar ook saam met ander gelees te word.

(7) ’n *Linguale kant:* Wat tans in die Bybel staan, is eers mondeling oorgedra, later (in Hebreeus, Aramees en Grieks) op skrif gestel en word daarna in verskillende tale vertaal.

(6) ’n *Historiese faset:* dit het oor baie eeue, onder uiteenlopende omstandighede, deur verskillende skrywers tot stand gekom, en bevat ook verhale uit ’n eeu-oue geskiedenis.

(5) ’n *Logiese kant:* dit is iets verstaanbaars.

(4) ’n *Psigiese faset:* dit vertel iets van die gevoelslewe van die Bybelfigure en dit wek self ook emosies (soos vertroue) by die leser op.

(3) 'n *Biotiese kant:* dit is nie 'n dooie geskrif nie, maar die lewende en lewegewende Woord wat vandag nog betekenis het.

(2) 'n *Fisiese kant:* dit is aanvanklik met ink op perkament geskryf en later op papier gedruk.

(1) 'n *Ruimtelike faset:* die afmetings, lettertipe en gewig van die ou Nederlandse *Statenbijbel*, wat ek van my oupa geërf het, is so groot dat ek liewer met my sakbybeltjie in Afrikaans op reis gaan!

### *3.3 'n Unieke soort boek*

Op die voorafgaande sou die leser dalk wou reageer met "Dan is die Bybel mos maar 'n gewone boek". Dit is inderdaad die geval, maar nogtans nie die volle waarheid nie. Dit is 'n *besondere, unieke boek.*

Dit is byvoorbeeld nie 'n woordeboek (van talige aard), 'n handleiding in logika (analities gekwalifiseerd), 'n ekonomiese teksboek, 'n verslag oor hofsake (iets juridies), 'n roman (d.w.s. iets esteties) of 'n publikasie met statistiese gegewens (van getalmatige of numeriese aard) nie.

Die Bybel word deur die hoogste faset, die geloofsfaset (13) gekwalifseer, dit is 'n *geloofs*boek, bedoel om 'n mens se geloof in God te wek en te versterk. As geloofsboek wys dit bó die skepping uit na die Openbaarder, Skepper en Onderhouer van alles. Daarom bied dit absolute sekerheid.

### *3.4 Geloof "kleur" die hele Bybelse openbaring*

Die geloof as leidende of kwalifiserende aspek *bepaal ook die karakter van al die ander fasette* wat die Bybel weerspieël. Voorbeelde daarvan is die volgende:

- **Die etiese:** die Bybel gee wel riglyne vir 'n korrekte morele lewe, maar altyd anders as gewone etiese boeke gebeur dit in die lig van gehoorsaamheid aan God se fundamentele liefdesgebod.

- **Die juridiese:** dit lê groot klem op geregtigheid; egter nie soos 'n regsdokument nie, maar vanuit 'n religieuse perspektief.

- **Die estetiese:** dit bevat wel pragtige artistieke gedeeltes (maak byvoorbeeld gebruik van verskillende letterkundige genres), maar is méér as blote goeie letterkunde.

- **Die sosiale aspek** van die mens se lewe kom ook duidelik en dikwels in die Skrif na vore, maar die verskillende verhoudings waarin die mens tot sy medemens staan, is aan God se liefdesgebod (in sy verskillende gestaltes) onderworpe. Daarmee bied die Bybel nie 'n "bloudruk" oor hoe die sosiale lewe ingerig en/of verander moet word nie. Dit gee 'n *gelowige* kyk op die huwelik, gesin, politiek, ekonomie ens.

- **Die linguale:** ’n Mens sou (soos in sommige literêr-kritiese metodes) die Bybel in die verskillende oorspronklike tale kon lees en hul grammatika in die fynste detail ken sonder om die geloofsboodskap daarvan te verstaan.

- **Die historiese:** Die Bybel beskryf wel historiese gebeure, maar anders as ’n gewone geskiedenisboek. Dit bied konfessionele “dieptegeskiedenis”, ontbloot wat “agter” die geskiedenis lê: God wat die geskiedenis lei, sy verbond, sy koninkryk. Bybelse geskiedenis transendeer die “feitelike” geskiedenis-wetenskap.

- **Die logiese:** Die verstaan van die logiese gang van die Bybel is belangrik, maar nie die belangrikste nie. Dit vereis geloof wat die logies-begrypbare vooraf uitgaan en ook daarbo uitgaan.

- **Die psigiese:** Uit wat oor die talle Bybelfigure gesê word, sou ’n mens wel afleidings oor hulle persoonlikhede en emosionele aard kon aflei. Dit is egter (soos reeds duidelik geblyk het) nie die sentrale fokus van die Skrif nie, maar wat God *deur* hulle wil sê.

Dit is duidelik dat al die verskillende fasette wel ’n rol speel. Hulle almal word egter deur die geloofsfaset “gekleur” of bepaal. Juis omdat die Bybel ’n geloofsboek is, kan dit al die ander fasette van ons lewe beïnvloed en rig.

### 3.5 Enkele voorbeelde

Die voorafgaande sou met talle voorbeelde uit die Bybel gestaaf kon word:

- Die skrywers van sekere historiese boeke van die Bybel was byvoorbeeld in die eerste plek geïnteresseerd in wat ’n bepaalde koning se verhouding tot God was. Van belangrike konings word net kortliks meegedeel dat hulle in ongehoorsaamheid (ongeloof) geleef het. Indien ’n leser in die politieke of ekonomiese geskiedenis van byvoorbeeld Jerobeam of Rehabeam belangstel, kan hy sekere bestaande bronne self raadpleeg (vgl. 1 Kon. 14:19, 29) – geskrifte wat vandag natuurlik nie meer bestaan nie.

- Wanneer Elisabet haar swangerskap aan die Here toeskryf (vgl. Luk. 1:25), beteken dit nie dat sy die seksuele en biologiese kante daarvan ontken nie, maar sy erken die hand van die Here in die wonder daarvan om ’n kind te mag verwag.

- Psalm 127:1, waar staan dat die bouers tevergeefs bou indien die Here die huis nie bou nie, ontken nie dat vir bouwerk geld, materiaal en arbeid

nodig is nie. Dit vestig die aandag daarop dat enige bouwerk wat nie in gehoorsaamheid aan God geskied en sy seën wegdra nie, nie kan standhou nie.

- Die inname van Kanaän (vgl. Num. 13:14) het volgens die Skrif nie bloot 'n goed-georganiseerde militêre operasie vereis nie. Dit was veral 'n saak van geloof in God.

Na hierdie voorbeelde uit die Skrif kan die struktuuranalise voortgesit word.

### *3.6 Die gevaar van reduksies*

Aangesien die Bybel 'n multidimensisonele karakter het, kan dit maklik – maar dan eensydig – na aanleiding van een van sy dimensies getipeer of gedefinieer word. In die loop van die geskiedenis is dit byvoorbeeld reeds beskou as

- **'n morele boek** oor hoe 'n mens eties reg moet optree;.
- **'n letterkundige geskrif,** wat dus esteties gelees en beoordeel moet word;
- **historiese dokumente,** wat dus volgens (veral kontemporêre) geskiedkundige kriteria bestudeer en verklaar moet word;
- **'n logies-leerstellige** boek, waaruit teologiese dogmas vir die kerk afgelei moet word.

Die Skrifte is egter nie primêr iets moreel, esteties, histories of analities nie, daarom bring sulke tiperings daarvan 'n mens op 'n syspoor. 'n Mens sou hulle "reduksies" of "-ismes" kon noem: moralisme, estetisisme, historisme en dogmatisme (of intellektualisme). Hulle oorbeklemtoon een van die fasette en herlei dan al die ander aspekte van die Skrif daarnatoe – insluitende die belangrike kwalifiserende geloofsfaset. En omdat hulle nie 'n korrekte visie bied op wat die Skrif is het nie, kan hulle dit ook nie reg lees nie. (Skrifbeskouing bepaal Skrifverklaring.)

Om die Skrif reg te verstaan moet 'n mens weet wat sy unieke aard is (? geloofsboek), maar dat hy ook ten minste 12 ander fasette vertoon. Hierdie ander aspekte is die "kanale" waarin die geloof na die ander lewensfasette vloei.

### *3.7 Een deurlopende verhaal*

Ten slotte is dit belangrik om te weet dat die Bybel (i.p.v. 'n mengelmoes van morele lessies, mooi poësie, historiese fragmente of teologiese leerstellings) één boek met één boodskap is. Dit bevat die drama van God

se verlossingsplan, die boodskap van sy Koninkryk (vgl. Bartholomew & Goheen, 2004:12). Binne die een heilsgeskiedenis kan egter verskillende fases of bedrywe van die drama onderskei word: (1) by die skepping *stig* God sy ryk (Gen. 1 en 2) die sondeval beteken *rebellie* daarteen (Gen. 3); (3) verlossing *begin* met God se verkiesing van Israel as verbondsvolk (die res van die Ou Testament); (4) die verlossing word *werklikheid* met die koms van die Koning, Jesus Christus (die Evangelies); (5) die boodskap van die koninkryk word *wêreldwyd uitgedra* (Handelinge)*;* (6) by die voleinding (Christus se tweede koms) sal dié God se verlossingswerk *voltooi* word (Openbaring).

Met die voorafgaande is die probleem van die moralistiese lees en preek van die Bybel egter nog nie heeltemal opgelos nie, want 'n kernvraag is nog steeds nie beantwoord nie. Dit is wat presies met die "etiese" of "morele" bedoel word – die volgende belangrike afdeling van hierdie besinning.

## 4. Filosofiese besinning oor die religieuse, etiese, sedelike en morele

Tot sover is die begrippe "eties", "sedelik" en "moreel" as wisselterme gebruik. Dit is egter nodig om, wanneer oor "moralistiese" Skrifgebruik gehandel word, hierdie terme duideliker te onderskei. Daarby kan nog 'n bietjie filosofie van hulp wees.

Uit die kritiek (hierbo) het reeds geblyk dat die gevaar van moralisme is (vgl. ook Marshall, 1995:310) dat dit die verskille tussen die verskillende lewensfasette (bv. die gesin, onderwys, politiek, ekonomie) laat vervaag en belangrike onderskeidinge gelykgemaak deur hulle almal onder die algemene kategorie van die etiese te plaas.

### *4.1 Die tradisionele visies*

Hierdie feit blyk duidelik uit die meeste vroeëre en gangbare visies oor die etiese en die etiek (as wetenskap). Die etiek sou die praktiese lewe bestudeer, of menslike handele, of dit wat goed is, of wat behoort gedoen te word.

Dit is duidelik dat so 'n omskrywing nie net baie breed is nie, maar die gevolg het dat die etiese dan 'n hegemonie oor die ander lewensterreine sou hê (vgl. Olthuis, 1968:197 en Von Meyenfeldt, 1963:30). Olthuis verwerp die idee dat net die etiek met die goeie of behore te make het: "'Goodness' and 'oughtness' are not such clearly marked fields. The teacher, the artist, jurist, liguist, etc. all ask what they ought to do *as* teacher, artist, jurist, linguist. In none of these cases is the query specifi-

cally ethical (although it does have such an aspect). In fact it is never exclusively ethical. In the last analysis the what-ought-I-to-do question is a *total* question having various aspects, among them an ethical. It is only the ethical aspect, albeit in its indissoluble coherence with all the other aspects as they together express themselves in the totality of an act, which is the concern of the ethicist" (Olthuis, 1968:204).

### 4.2 Die verskil tussen die etiese en religie

Die eerste, dalk belangrikste insig binne die Reformatoriese filosofiese tradisie is dat die etiese faset van die lewe duidelik van die grondliggende en allesomvattende religieuse lewe van die mens onderskei moet word.

Al die Reformatoriese denkers sien die hart as die diepste kern van die menslike bestaan (vgl. bv. Von Meyenfeldt, 1963:49 e.v.). God spreek in sy Woord tot hierdie religieuse "sentrum" van die mens om dit te verander, te vernuwe. Vanuit sy hart – wat in gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid tot God se wet gerig kon wees – word dan ook die hele lewe van die mens – al die verskillende fasette daarvan – bepaal. Die religieuse rigting bepaal, behalwe sy etiese lewe, selfs sy geloofslewe (die pistiese aspek genoem).

Von Meyenfeldt stel dit soos volg: "Religion is not a certain capacity. It is the relationship between God and man in which man is engaged from his innermost parts to his fingertips. It takes hold of man in the deepest and at the same time broadest sense possible" (Von Meyenfeldt, 1963:52).

### 4.3 Die etiese as 'n modaliteit

'n Tweede belangrike punt is dat die etiese beperk is, en slegs een faset van baie (13 of meer) aspekte van die menslike bestaan.

Wat die kernmoment of "wese" van die etiese faset is, kan nie logies geformuleer word nie, omdat dit van 'n a-logiese aard is (vgl. Olthuis, 1968:198). Tog kan dit intuïtief deur elkeen ervaar en geken word.

Binne die Reformatoriese tradisie is veral oor die etiese norm besin. Dit is as 'n spesifieke gestalte van God se sentrale liefdesgebod (liefde tot God en die naaste) beskou. Dooyeweerd, Stoker, Mekkes, Van Riessen en Troost verskil nie veel van mekaar wanneer hulle die etiese norm as liefde in tydelike betrekkinge of naasteliefde beskryf nie. Troost (1958:397) sê byvoorbeeld dat etiek die verskillende vorme van liefde bestudeer, soos huweliksliefde, vaderliefde, moederliefde, kinderliefde, broederlike/susterlike liefde (in die kerk), vriendskapsliefde en liefde vir jou volksgenote, asook wanneer liefde in 'n subjek-objek verhouding (soos liefde vir jou vaderland of troeteldiere) voorkom.

Olthuis (1968:198) en Von Meyenfeldt (1963:36) is egter van mening dat die gebod van naasteliefde 'n omvattende wet is wat vir baie terreine geld en dus nie 'n spesifieke etiese norm is nie. Hulle stem dus meer saam met Vollenhoven, Popma en Taljaard, wat die etiese kern en ook norm as trou ("fidelity") beskryf. Volgens Von Meyenfeldt (1963:38, 57) is die tipiese of die kern van die etiese "solidariteit", wat beteken dat mense op mekaar kan vertrou. Dit kom dus na aan die idee van trou/getrouheid.

### *4.4 Die veld van etiek as wetenskap*

Dit word hier volstaan met die omskrywing wat Olthuis (1968:198) in die lig van die voorafgaande van die terrein van die etiek gee. "Every human activity functions in all the law-spheres, and every thing, plant or animal has a potential object-function in the ethical. However, as a science ethics has a first and a particular responsibility to investigate the states of affairs in which the ethical aspect plays a *leading or qualifying* role, as for example in certain communal relations (marriage and the family), certain inter-communal relations (friendship) and in certain subject-object relations (love of country, love of animals, etc.)."

### *4.5 Fyn onderskeidinge*

Ons word ook deur die Reformatoriese filosofie gehelp om te onderskei tussen die a-morele en die immorele (vgl. Olthuis, 1968:202, 203). 'n Mens kan die *strukturele* vraag vra of iets eties of a-eties is (d.w.s. van 'n ekonomiese, sosiale of watter ander nie-etiese aard ookal). Dit moet onderskei word van die *normatiewe* vraag (oor die *rigting* van etiese lewe); of iets eties goed is of nie (d.w.s. immoreel). Dit is veral die eerste onderskeiding wat in die geskiedenis – ook by die lees van die Bybel – nie die nodige aandag ontvang het nie.

### *4.6 Die verskil tussen die etiese, sedelike en morele*

Du Plessis (in Van der Walt, Du Plessis & De Klerk, 1999:34, 35) bied hulp om tussen drie belangrike begrippe wat dikwels ongenuanseerd as sinonieme gebruik word, soos volg te onderskei.

#### *4.6.1 Eties, sedelik, moreel*

Saam met die ander Reformatoriese filosowe stem Du Plessis saam dat die *etiese* 'n aspek van menswees is. Alle mense (goed of sleg) is onder andere ook aktiewe etiese wesens of etiese subjekte. Mense kan dinge in hulle omgewing as etiese objekte gebruik, maar die dinge (stof, plant en dier) kan nie self eties reg of verkeerd handel nie. Soos hierbo reeds gestel, gaan dit oor die *struktuur.*

Die woord *“sedelik”* het volgens hom egter te make met die mens se verhouding tot sy medemens en veral met die verhouding tussen die twee geslagte. (Bv. die man-vrou-verhouding, die man-man-verhouding en die vrou-vrou-verhouding.) Maar dit kom ook in die ouer-kind- en kind-ouer verhouding en in ’n vriendskapsverhouding na vore. Hier kom die *normatiewe* faset dus duideliker na vore. Hierdie verhouding kan, afhangende van gehoorsaamheid of nie aan God se norme daarvoor, goed of sleg, reg of verkeerd wees. Die mens het die taak om God se sentrale liefdesgebod op ’n spesifieke manier te positiveer, byvoorbeeld as trou in die huwelik, lojaliteit in vriendskap of sorg in die gesin.

Die begrip *“moreel”* dui vir Du Plessis op die morele optrede van ’n groep mense, hulle gemeenskaplike waardes. ’n Moraal verbied sekere optredes en keur ander goed. Voorbeelde van eersgenoemde is: bedrieglikheid, geveinsdheid, oneerlikheid, onbetroubaarheid, ens. Voorbeelde van die laasgenoemde waardes is: lojaliteit, eerlikheid, verantwoordelikheid, gehoorsaamheid, integriteit, beleefdheid, gasvryheid, vriendelikheid ens.

### *4.6.2 Waardes*

Olthuis (1968:187, 194, 195) verduidelik verder wat waardes is. Dit is feite, dinge, gebeure of handelinge wat aan die goddelike norme beantwoord. Waardes bestaan dus nie op sigself nie. Alleen as antwoorde (positiverings) op God se verordeninge vir die lewe het hulle betekenis. Om die verselfstandiging van waardes te vermy, is dit dus beter om nie te sê dat iets ’n waarde *is* nie, maar dat iets waarde *het.*

Waardes is dus menslike feilbare formulerings van die goddelike norme. Hulle is net geldig (“valid”) solank ’n gemeenskap hulle so evalueer. Indien ’n waarde nie meer rigting in nuwe omstandighede kan aandui nie, het so ’n waarde sy waarde verloor. Dan moet ’n nuwe waarde in ooreenstemming met God se riglyne geformuleer en aanvaar word.

## 5. Gevolgtrekking

Hoewel moralistiese Skrifgebruik ’n gekompliseerde probleem is, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

Die Bybel spreek die mens ook, maar nie primêr nie, op etiese vlak aan. Dit gryp die mens diep in sy hart en vra om ’n gehoorsame geloofsantwoord.

Vanuit hierdie religieuse *rigting* van die hart (gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan God se verordeninge) word die verskillende fasette van die menslike lewe (sy strukturele opset) bepaal. Onder andere sluit dit ook

die etiese kant van sy lewe in. Uit God se sentrale liefdesgebod kan eietydse norme afgelei word vir die mens se sedelike gedrag in huwelik, gesin en vriendskap.

Liefde mag egter nie met die etiese/morele vereenselwig word en so vervlak en beperk word nie. Dit is belangrik om altyd te vra na die *spesifieke terrein* van die lewe wat ter sprake is. Is dit die huwelikslewe, onderwys/opvoeding, kerk, politiek, ekonomie, die verhouding tot die natuurlike omgewing? Op elkeen van hierdie verskillende terreine moet die liefdesgebod op *verskillende* maniere gepositiveer of toegepas word. Op etiese terrein as trou, op onderwysgebied as leidinggewende vorming, op kerklike terrein as broederlike/susterlike liefde, op politieke terrein in die vorm van geregtigheid, in die geval van die ekonomie is dit goeie rentmeesterskap en teenoor die omgewing neem dit die gestalte van beskerming en bewaring aan.

As gevolg van die vervlegtheid van al die fasette van die lewe vertoon al bogenoemde terreine, hoewel hulle nie eties van aard is nie, tog ’n etiese dimensie. Op politieke terrein moet ’n mens bv. vertroue in jou leiers hê. En ’n ekonomiese handeling sonder vertroue (in bv. jou sakevennote) is amper ondenkbaar.

’n Slegte politiek of verkeerde ekonomie of swak ekologie kan egter nie reggestel word deur eenvoudig ’n etiese “sousie” daaroor te gooi, deur ’n “etiek” vir elkeen van die gebiede te bepleit nie. Die ekonomie, politiek of ekologie kan alleen verander word wanneer hulle weer aan hul *eie, spesifieke norme* beantwoord. Etisisme, ’n verabsolutering van die etiese, wat die heil van ’n etiese “versiersuiker” op ander gebiede verwag, is tot mislukking gedoem.

Die grootste gevaar van moralisme is dat die grondleggende, sentrale, religieuse boodskap van God se Woord (wat op die mens se hart beslag lê, sodat hy/sy kan glo) gelykgestel en dus vervlak word tot ’n mens se eietydse morele waardes. Dit is soos wanneer iemand in ’n spieël net sy/haar eie beeld gereflekteer sien. Die Skrif bevestig net jou eie hedendaagse waardes, in plaas daarvan om hulle te bevraagteken en te hervorm. Terwyl moralisme dus die Woord van God relevant probleer maak vir vandag, beroof dit in werklikheid God se openbaring van sy lewensomspannende, vernuwende krag.

## Bibliografie


BARTHOLOMEW, C.G. & GOHEEN, M.W. 2004. *The drama of Scripture; finding our place in the Biblical story.* Grand Rapids, Michigan: Baker.

DOOYEWEERD, H. 1953. A new critique of theoretical thought (Vol. 1). Amsterdam: H.J. Paris & Philadelphia: The Presbyterian and Reformed Pub. Co.

GREIDANUS, S. 1988. *The modern preacher and the ancient text; interpreting and preaching Biblical literature.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans & Leicester: Inter-Varsity Press.

MARSHALL, P. 1995. Politics, not ethics. *Orientation*, 75-78, 304-324.

OLTHUIS, J.H. 1968. *Facts, values and ethics*. Assen: Van Gorcum & Co.

PLANTINGA, T. 1980. *Reading the Bible as history.* Burlington, Ontario: Welch Co.

POPMA, K.J. 1962. *Levensbeschouwing.* Deel 4. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

POPMA, K.J. 1963. *Levensbeschouwing*. Deel 6. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

POPMA, K.J. 1965. *Levensbeschouwing.* Deel 7. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

SEERVELD, C.G. 2003. *How to read the Bible to hear God speak.* Sioux Center: Dordt College Press & Toronto: Tuppence Press.

SPYKMAN, G.J. 1985. Biblical hermeneutics. In: Spykman, G.J. *Spectacles; Biblical perspectives on Christian scholarship.* Potchefstroom: PU for CHE. pp. 48-69.

STOKER, H.G. 1969. *Beginsels en metodes in die wetenskap*. Potchefstroom: Pro Rege.

THOMAS Â KEMPIS. 1952. . (Vertaal uit die Latyn, toegelig en ingelei deur Geyser, A.S.) Kaapstad/Pretoria: H.A.U.M.-De Bussy.

THOMAS Â KEMPIS. 1967. *The imitation of Christ.* Tr. by Knott, Betty I. London: Collins Sons & Co.

TROOST, A. 1958. Casuïstiek en situatie-ethiek. Utrecht: Drukkerij Libertas.

VAN DER WALT, B.J. 1999. *Visie op die werklikheid*. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.

VAN DER WALT, B.J. 2008. How to read God's revelation, the basis for a Christian worldview. In: Van der Walt, B.J. *The eye is the lamp of the body; worldviews and their impact.* Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa. pp. 13-48.

VAN DER WALT, B.J., DU PLESSIS, P.G.W., DE KLERK, G.J. 1999. *Christelike waardes in die nuwe Suid-Afrika.* Potchefstroom: IRS.

VOLLENHOVEN, D.H.Th. 2005. *Introduction to philosophy*. Kok, J.H. & Tol, A. (Eds). Sioux Center, Iowa: Dordt College Press.

VON MEYENFELDT, F.H. 1964. *The meaning of ethos*. Hamilton, Ontario: The Association of Reformed Scientific Studies.